TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: NG Gemeente Willowmore **Sinode:** NG Kerk in Oos-Kaapland

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. ‘n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.

2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle “rou data”, maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.

3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie.

4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

- **£** Kerkraad
- **S** Wyke
- **£** Kleingroepe
- **£** Lidmate: byeenkoms
- **£** Lidmate: individueel
- **S** Ander: **lidmaat briewe as terugvoering**

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

- **S** Ja (maar net die belydenis, nie die brief saam nie)
- **£** Nee

B. Gesprekke oor die Konfesionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van ‘n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel? (Getal in hakkies gee die hoeveelheid van die mening weer)

– Stem saam met punte 1-6 (32)
– Alle punte is reg en kan so hanteer word (13)
– Punte 1 - 5 is reg so (7)
– Punte 1 en 2 is belangrik (2)
– Kan nie dink hoe jy in een kerkverband kan funksioneer waar almal nie dieselfde belydenisskrifte het nie. Wat gebeur as ‘n lidmaat wat nie alle skrifte aanvaar nie op die kerkraad verkies word of as predikant wil dien? (2)
– Belhar moet onder geen omstandighede ‘n voorwaarde wees vir kerkeenheid nie. Nie nou nie en ook nie oor tien jaar of twintig jaar nie. Wanneer daar gedurene die poging ‘n meerderheid stemme teen die aanvaarding van die belydenis van Belhar is, moet dit nie weer en weer op die tafel gelê word nie. (1)
– Punt 2: Soos in punt 1 blyk, erken ek nie die Belhar belydnis nie en daarom sal ek verder daaroor in gesprek wil tree nie. (1)

– Punt 3: Ek is ten sterkste gekant teen die aanvaarding van die Belhar belydenis, daarom moet daar geen gesprek ooit wees om dit te aanvaar nie. Die afkoms is die hoofrede, asook gedeeltes wat spesifiek na ons (NG kerk voor 1994) verwys as dwaalleër. (1)
– Punt 3: Dit is nie moontlik om binne een opset (kerkverband) lidmate te hê wat ten gunste is vir die belydenisskrif terwyl dar ook lidmate is wat geheel en al daarteen gekant is nie. Eenheid sal nooit 'n werklikheid wees indien elkeen die opsie het om te kies wat hy aanvaar en wat nie. (1)
– Ons verstaan punt 4 (7)
– Punt 4: Ek erken die belydenis van Belharas as deel van die VGK se geskiedenis. Ek is egter bekommered oor media uitsprake wat daarop wys dat die belydenisskrif vir die NG Kerk geskryf is, om ons te herinner aan ons "verkeerde" verlede. Die belydenis van Belhar is nie my ervaring of belydenis nie en daarom sal ek wil dit nie aanvaar nie. (1)
– Punt 5: Dit is nie moontlik om binne een kerkverband lidmate te hê wat dit aanvaar en nie aanvaar nie. (1)
– Punt 6 is te vaag gestel. (7)
– Punte 1-6 is reg so, maar watse betekenis het ons belydenisskrifte vir ons vandag? (7)
– Daar is 'n bekommernis dat die Konfessionele basis na kerkhereniging gewysig kan word om mense te dwing om Belhar ta aanvaar by punt 3 (2)
– Die konfensis is baie goed uiteengesit (8)
– Die ander 3 belydenisskrifte moet ook genoem word (3)
– Aangesien die Belhar belydenis in 'n politieke atmosfeer geskryf is waar hy sy doel gedien het en ons land se geskiedenis sederdien totaal verander het, sien ek nie die doel in om sodanige dokument in te sluit om ander tevrede te stel nie. (2)
– Punt 6: Die klem wat op die belydenisskrif geplaas word, en die verskillende kerke se siening daarvan skep die indruk dat die eerste ronde se vrywillige aanvaarding slegs 'n wortel voor die NG Kerk se neus is sodra die proses van hereniging geskied word dit deur die nuwe sinode as volle belydenisskrif erken en dan gaan lidmate nie 'n opsie hê nie. (1)
– Ons is gekant teen kerkhereniging en wil daarom geen kommentaar op enige van die punte gee nie (13)

Nuwe / ander voorstelle? (Getal in hakkies gee die hoeveelheid van die voorstelle weer)

– By punt 2 moet die ander 3 belydenisskrifte bygevoeg word (5)
– Punt 3 moet onder voorwaarde wees dat daar 'n nuwe suiwer belydenisskrif geskryf word wat die teologiese inhoud van al 4 belydenisskrifte saamvat, sonder enige politieke agtergrond (1)
– Punt 4 moet eerder gewysig word na: "Die waarde wat Belhar as belydenis vir sommige van die VGKSA gemeentes het, word respekteer." (3)
– Punt 6 moet eerder 'n groei na die nuwe belydenisskrif wees (5) [soos die voostel by punt 3]
– By punt 6 moet bygevoeg word: "Onderworpe aan punt 3" (7)

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?
Mening oor die voorstel? (Getal in hakkies gee die hoeveelheid van die mening weer)

– Punte 1-12 is reg (52)

– Punte 1-3 is reg en goed (7)
– Punte 1-4 is noodsaaklik vir ‘n gereformeerde kerkmodel (2)
– Punt 1: Ons kon en moet dit nog al lankal gedoen het en nou nog, maar nie nodig om daarvoor te herenig nie. (1)
– Punt 1: Om as kerk van God te funksioneer beteken nie noodwendig vir my dat ons op alle tereine een moet wees nie. Ek dink nie ‘n nuwe kerkverband sal noodwendig ‘n verandering tot gevolg bring in mense se ingesteldheid nie. Elke lidmaat het sy eie verlede wat bepalend was vir die keuse van kerk waarvan hy lidmaat is. ‘n Mens kan nie jou geskiedenis en verlede misken net omdat iemand ander se behoefte aan mag te bevredig nie. (1)
– Punt 2 is reg so (1)
– Punt 2: Ek dink nie daar word oop kaarte gespeel met die lidmaat op grondvlak nie. Die ring en sinode word afgemaak as instellings sonder mag of gesag. Dit gaan egter oor meer as dit en dat daar ‘n vlase beeld voorgehou word oor waartoe die ring sowel as die sinode instaat is om aan lidmate ‘n valse gerugstelling te gee oor toekomstige belsuite wat geneem kan word en afdwingbaar is. (1)
– Punt 3: die natuurlike proses moet sy loop neem, geen help nie (1)
– Punt 3: Hoe is dit moontlik om op topvlak een struktuur te wees, maar elke gemeente het die reg om te besluit of hy een wil wees of nie. Dit is net nie moontlik om soveel vryheid aan elke lidmaat of kerk te gee binne een struktuur nie. Dit skep die indruk dat slegs diegene wat ‘n salaris ontvang (diegene wat verkies is tot ‘n sinode) se belange gedien word. Solank hulle die finansiële voordeel ontvang pla dit hulle glad nie dat die kerk op grondvlak steeds een is nie. (1)
– Punt 4 is bokant ons vuurmaakplek (4)
– Punt 4 is reg (3)
– Punt 4: ek stem nie saam oor die belydenisse en kuturele sake nie.(1)
– Punt 4: Ek stel weer dat ek nie kan sien dat daar een topstruktuur is terwyl elke kerk steeds handel soos wat hy wil nie. My gevoel is dat ‘n sinode glad nie nodig is nie want maak nie saak wat hulle besluit nie, elke kerk (*gemeente*) doen steeds wat hy wil. (1)
– Punte 5-12 is reg (7)
– Punt 5: Die verduidelking dat sinodes se bevoegdheid beperk is en dat hulle geen besluite om gemeentes kan afdwing nie, maak nie sin nie. Hoekom moet die sinode daar wees. As dit is om ‘n nuwe liedboek saam te stel maar hulle het nie die bevoegdheid om dit af te dwing nie maak dit hulle teenwoordigheid onnodig. (1)
– Punt 6: Hulle kan dit doen, maar dan nie as NG kerk nie, die wat ‘n nuwe veld soek moet ‘n nuwe naam gebruik. (1)
– Punt 6: Geen gemeente maak nie saak hoe reg dit voel nie, moes nie toegelaat geword het om hulle strukture te verenig nie. Dit skep reeds verwarring omdat verskillende kerke (*gemeentes*) in dieselfde ring nie eenvormig is nie. (1)
– Punt 7 is redelik duidelik gestel (1)
– Punt 7.6: Dit moet natuurlik verloop. (1)
– Punt 7.7: Al die kerk moet liewer hierdie opsie oorweeg as hereniging.
– Punt 7: Daar kan nie toestemming verky word van gemeentes vir iets wat in die toekoms beplan is nie. Daar word so baie aandag gegee aan onnodige minder belangrike dinge soos ‘n naam, net om fokus op die meer belangrike sake te verminder. Hoe kan jy toestemming verleen vir ‘n naamsverandering en instem tot eenheid in kerkverband as daar nie vir jou presies en skriftelik gesê kan word hoe dit in die praktyk en op grondvlak gaan werk nie. (1)
– Stem nie saam met punt 8 nie (1)
– Punt 8: Die kerkorde was vir baie jare ‘n samevatting van die NG Kerk se waarde en norms. ‘n Dokument wat aan ons riglyne gebied het waarvolgens ons moet leef en wat kerk se reaksie daarop sou wees indien ons daardie riglyne nie eerbiedig nie. ‘n Verandering aan die kerkorde sal ook tot gevolg hê dat diegene wat ten gunste is van kerkhereniging nie en by hulle ou kerk wil bly soos wat hy is, nie meer oor ‘n kerkorde beskik nie. As die proses voortgaan moet diegene wat daarby inskakel maar ‘n nuwe kerkorde opstel en glad nie aan die oue wysigings aanbring nie. (1)

– Punt 9: oorweeg hierdie opsie vir die NG kerk dat die VGK, RCA en NGKA en ander assosiasie-gemeentes van die NG kerk word, maar nie herenig nie. (1)
– Punt 9: Assosiasie-lidmaatskap klink huidiglik na ‘n haalbare en positiewe opsie. Die laaste paar woorde waarmee die vraag afgesluit word: is dit vanselfsprekend met die hoop dat assosiale-lede met verloop van tyd sal groei tot volle eenheid. Skep weer die indruk dat hierdie persone op ‘n verskuilde manier gedwing sal word om te konformeer. (1)
– Punt 10 ia reg so (4)
– Punt 10: Is kerkhereniging al aanvaar. Hoe kan die persone wat geïntereseerd is in die eenheidswordingproses, geskool word in waar ons in die proses is. Volgens die ingligting wat aan my voorgehou was, is daar nog nie gevra dat ek moet stem ja of nee vir kerkhereniging nie. Slegs my mening word nog gevra. (1)
– Punt 11: Daar is ‘n oorweldiginde behoefte om sekere strukture te hou soos wat dit is. Tot op hede voel dit vir my is slegs die VGK kerk se behoefte aan die aanvaarding van die belydenis van Belhar in ag geneem. So baie klem is geplaas op die aanvaarding van die belydenis dat alle ander behoeftes en vrees op die agtergrond geplaas is. (1)
– By punt 12 moet daar net so vurig werk gemaak word van hereniging met die ander Gereformeerde Afrikaanse kerke (2)
– Die assosiaat lidmaatskap moet sterk bevorder word (8)
– Stem saam met die RCA dat die assosiasie-model beter sal wees omdat situasies in gemeenskappe baie verskil. (1)
– Assosiaat lidmaatskap is ‘n goeie ding a.g.v menslike verskille (7)
– Hierdie moes voor die Konfessionele Basis bespreek gewees het (8)
– In watter opigte sal ons beter / slegter daaraan toewees as wat huidiglik die situasie is? (2) [*Vraag*]
– Indien individuele gemeentes sou verskil van hul eie ring of nuwe oorkoepelende sinode se besluite, of sodanig deur ‘n besluit geraak word dat hul voel hul stem nie saam nie, hoe kan jy jouself laat geld sonder om deur die oorhoofse strukture benadeel te word? (bv. Nie in die toekoms stem te mag uitbring nie, befondsing te kry, nie nodige ondersteuning te kry ens.) Die meerderheid se stem sal tog die deurslag gee en kleiner taal en kultuurgroepe sal vanselfsprekend aan die kortste end trek. (2)
– Die NG kerk soos hy vandag is, is reeds die sigbare kerk van God deurdat sy lidmate glo en hulle geloof bely saam met alle Christene wêreldwyd. Jy hoef dus nie een sinode te hê om waarlik kerk te wees nie. (2)
– Ons is gekant teen kerkhereniging en wil daarom geen kommentaar op enige van die punte gee nie (13)
– Solank ek net nie gedwing gaan word om my kind in ‘n ander kultuur te laat grootword nie. (1)

Wat moet by die voorstel bygevoeg / wegelaat word? (Getal in hakkies gee die hoeveelheid van die voorstelle weer)

– Punt 6 moet bygevoeg word: “Dit moet gaan oor die verheerliking van God” (2)
– Punt 12: daar moet nie net duidelikheid verkry word oor sekere punte nie dit moet ook op skrif gesit word en net met ‘n as dit so nie kan werk nie dan doen ons dit opsie nie. Hierdie geskrif moet bindend kan wees sodat indien die proses nie verloop soos dokument sê nie, kan stappe geneem word. (1)

Nuwe / ander voorstelle? (Getal in hakkies gee die hoeveelheid van die voorstelle weer)

– ‘n Voorstel dat die ander 3 kerke se gemeentes ook hierdie informasie moet deurgaan (8)

D. Gesamentlike porjekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte? Mening oor die voorstel? (Getal in hakkies gee die hoeveelheid van die mening weer)

– Punte 1-13 is reg so (54)
– Stem saam met alle punte en dit is goed so (5)
– Gesamentlike projekte is ‘n goeie idee (3)
– Punt 1 is reg so vir gemeentes en kerke (1)
– Punt 1: Dit is aanvaarbaar. ‘n Persoon wat egter nie nou betrokke is nie, sal ook nie meer betrokke wees omdat ‘n stuk papier sê daar is eenheid nie. (1)
– Punt 2.2 moet natuurlik wees sonder politiek of om die oog te vang. (1)
– Punt 2.4: Ja, om saam te werk (1)
– Punt 2.5 is reg so (1)
– Stem nie saam met punt 3-13 nie (1)
– Punt 3: Die hoe en deur wie die interim komitee saamgestel gaan word sal die gesindheid bepaal waarin die proses kan voortgaan. (1)
– Punt 4: As elke gemeente self kan belsuit hoe hy gaan funksioneer, hoekom is dit nodig dat streeksinodes daarby betrek word. (1)
– Punt 5: As daar op hoë vlak aandag gegee word as iets soos vertalingstoerusting, hoe het diegene wat ten gunste is van kerkhereniging gedink gaan dit op grondvlak werk. (1)
– Punt 6: Die boodskap wat huidiglik deur leraars uitgestuur word, verskil so baie van wat in die media staan, dat ‘n mens skepties is om iemand te glo wanneer dit kom by hierdie proses. Ook die leraars se verskille onder mekaar dra by tot ‘n verwarring by die gemeentelede. (1)
– Punt 7: Ek beskou dit as ‘n vermorsing van geld. Wie sal bv verantwoordelik wees vir die salarisse en die bedienning van die loodsgemeentes. (1)
– Punt 8: Daar bestaan reeds gespreksgroepe in baie gemeentes. Ek stel dit weer, die persoon wat tot nou toe nog nie betrokke geraak het by ‘n ander kerk nie, wil nie betrokke raak nie. (1)
– Punt 9: Hoekom moet daar gesamentlike liturgiese materiaal wees, as elke gemeente self kan besluit wat hy wil doen. (1)
– Punt 10: Dit is nie nodig vir ‘n teologiese werkgroep as die teologiese beginsels gegrond is op God se woord nie. Die werkgroep sal meer fokus op politiek as teologie. (1)
– Punt 11: Elke kerk (gemeente) gaan mos die reg oor sy eie finansies behou, hoekom is daar ‘n werkgroep nodig as hulle nie magte het om sekere dinge af te dwing nie. Elke gemeente gaan mos doen wat hy wil. (1)
– Punt 12: As die sinodes jeuk oor ‘n proses van hereniging dan moet hulle finansiële verantwoordilikheid aanvaar vir die proses SONDER OM GEMEENTES IN DIE PROSES TE BELAS. Dit kan uit die pensioenfonds betaal word. (1)
– Punt 13: Ek dink nie dit is nodig nie. Die probleem met kerkhereniging is nie die verkondiging van die woord nie. Die probleem met kerkhereniging is ‘n politieke druk om te verander en vir die res van jou lewe te sê jy is jammer. (1)
– Ons is gekant teen kerkhereniging en wil daarom geen kommentaar op enige van die punte gee nie (13)

Wat moet by die voostel bygevoeg / weggelaat word? (Getal in hakkies gee die hoeveelheid van die mening weer)

– Punt 2.3: Slegs van onder (1)

Nuwe / ander voorstelle?

– Punt 2: Tesame met al die waardes waarna daar verwys word, moet ‘n bepaling gemaak word wat elke kerk daarby gaan baat om deel te word van ‘n nuwe kerkeenheid en wat elke kerk gaan verloor om deel te vorm van ‘n nuwe kerkeenheid. (1)

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk.
Mening oor die voorstel? (Getal in hakkies gee die hoeveelheid van die mening weer)

– Punte 1-7 is reg so (53)
– Stem saam met punte 1-7 (5)
– Dis baie tegnies (1)
– Dis ‘n goeie saak en iets wat moet gebeur (2)
– Die NG kerk kan betrokke raak, maar nie met die doel om polities reg te wees of die oog te vang nie, maar omdat dit ons plig is om geskille op te los. (1)
– Die proses van kerkhereniging het totdusver nie versoening as oogmerk gehad nie. Sedert die proses vir die eerste keer op die tafel was, was daar nog net onmin. Nog nooit was ek bewus daarvan dat die NG Kerk so baklei oor ‘n saak wat deur ‘n buitestaander geinisieer is nie. Ons is genader vir hereniging, sou ons daartoe instem is daar vir ons voorskrifte. Om die Belhar belydnis te aanvaar is net so ‘n gewigte besluit as om vir die VGK Kerk te sê hulle moet daarvan afsien.
Daar is so baie onmin tussen die gemeentes binne hulle eie kerkverband, dat ek voel dat daardie onmin en twis eers uitgeklaar word alvorens daar na ander gemeentes uitgereik word.
‘n Verdere bron van kommer is die beperkte tyd wat daar aan elke nuwe eksperimente verleen word. NG gemeente Willowmore het net meer as ‘n maand gehad waarin al hulle lidmate se menigs gehoor moes word. Dit was te kort. Wat gebeur in die VGK gemeentes bv in die ring van Graaff-Reinet waar daar geen predikant is nie. Wie lei hulle in die proses of word die besluite op Sinodale vlak geneem en hulle moet net daarby inskakel. Die hantering van die hele aangeleentheid het ook kommer gewek. ‘n Onpartydige fasiliteerder wat weet waarvan hy praat is ‘n voorvereiste. Die huidige hantering van die aangeleentheid in die NG gemeente van Willowmore, het spanning en onnodige uitbarstings tot gevolg gehad wat gemeentelede meer negatief maak as wat dit ‘n bydraende faktor was. (1)
– Ons is gekant teen kerkhereniging en wil daarom geen kommentaar op enige van die punte gee nie (13)

Wat moet by die voorstel bygevoeg / weggelaat word?

Nuwe / ander voorstelle?

F. Moontlike naam van ‘n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke of voorstelle ten opsigte van ‘n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

– Nuwe Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
– Nuwe Reformerende Kerk
– NG Kerk van Suid-Afrika

Menings / Vrae wat gevra is wat nie by die bogenoemde punte inval nie:

– Watter praktiese voordeel is daar vir ons as gemeente in kerkhereniging? (voorbeelde asb) (2)
– Hoekom alles op die spel plaas vir ‘n onsekere bestel, as dit wat ons het nie foute het nie? (2)
– Hoe word teologiese opleiding beinvloed, opstel van liedboeke, katkisasie handleidings, erediens orde ens. Tot watter mate gaan ‘n meerderheid stem hierdie inhoudelike samestellings beinvloed en hoe gaan ons tradisionele blanke Afrikaners nog kan tuis voel as hierdie deur ander kulture bepaal word? (2)
– Die NG kerk soos hy vandag is se lidmaatskap is reeds oopgestel, as dit net is om landspolitiek te beoefen is kerkhereniging nie geregverdig nie aangesien skeuring van die NG kerk en vervreemding van huidige lidmate ‘n realiteit is. (2)
– Ek is geensins vir hereniging nie, want alles wat ons kan doen kan ons huidiglik ook doen uit die NG kerk as vier kerke. My mening is dat ons is nie eengesind oor hierdie saak nie, so moenie verder daaroor praat nie. Ek voel dat hierdie word lankal bespreek en daar is geringe vordering, wat wys dat dit nie gaan werk nie. (1)
– Ek self is nie seker of ek kerkhereniging wil hê of nie, maar ek weet dat God vir my sê dat dit iets is wat moet gebeur. Ek besef dit gaan nie oor ons behoeftes nie, maar oor God se roeping, en daarom sal ek dit waarskynlik volg, selfs al sou my eie wil later daarteen wees, en daarom is dit vir my goed dat dit juis die NG Kerk is wat hereniging begin het. Dit is vir my kwellend hoe baie mense die verkeerde kerkbegrip het, want in die gereformeerde verstaan van die kerk is die kerk dienskneg van Christus ter wille van die uitbreiding van die Koninkryk. En vir my is enige iets wat teen dit is, bv dat die gemeente gesien word as die lede se kerk as ‘n “eie klub” waar dit gaan oor hulle eie behoeftes, dan is dit nie gereformeerd nie. Lidmate sukkel nogsteeds om die kerk en die verlede se politiek van mekaar te skei en dit skep vir baie die indruk dat “ons kerk” oorgeneem gaan word. Ek is ook bekommerd oor lidmate se geloofsonderskeiding wat sukkel om vir God te sien binne die hele proses. Dit is volgens my die rede hoekom ‘n paar mense nie verstaan (of dalk nie wil verstaan) waaroor dit gaan en verstaan waaroor die punte gaan of wat dit beteken nie. (1)
– Die tyd wat ons het om terugvoering te kry, was net heeltemal te kort. (8)